





UPA8

die S... le sport

EK'S OOR, BRA... Luvo Manyonga land gisteraand vir 'n lange in Stockholm.
Foto: GALLO IMAGES

VER, VERDER, LUVUO



RUSHWAL SAMAAI
Foto: GALLO IMAGES

Manyonga spring knap onder 8,3

LUVUO Manyonga het weer eens gewys waarom hy tans die beste verspringer in die wêreld is.

Manyonga het gisteraand die verspring-nommer op die Diamond League atletiekbyeenkoms in Stockholm baie gemaklik gewen.

Die 26-jarige boorling van die Paarl het reeds met sy eerste sprong van die aand die voortou geneem.

Dis toe dié wenner van die silwermedalje op die Olimpiese Spele verlede jaar in Rio de Janeiro 8,36 m ver gespring het.

Manyonga was een van drie Suid-Afrikaners, wat in die verspring-nommer in aksie was. Rushwal Samaai en Khotso Mokuena was die ander twee.

Samaai het met 8,29 m in die tweede plek geëindig. Samaai, wat ook 'n boorling van die Paarl is, het dié afstand met sy tweede poging behaal.

Radek Juska van die Tsjeggiese Republiek was derde met 8,09 m.

Mokuena, wat 'n silwermedalje in 2008 op die Olimpiese Spele in Beijing verower het, het in die sesde plek geëindig.

Dis nadat hy 7,98 m ver gespring het.

Manyonga het in April met sy persoonlike beste sprong (8,65 m) vorendag gekom.

Dit was op die Suid-Afrikaanse atletiekbyeenkoms in Potchefstroom.

Hy het dié prestasie opgevolg met oorwinnings op die Diamond League-byeenkomste in Shanghai (8,61) en in Hengelo, Nederland (8,62).

ADNAAN MOHAMED
adnaan.mohamed@son.co.za

Dié atleet, wat hom tans in die Sentrum vir Uitnemendheid by die Universiteit van Pretoria slyp, is dus op koers vir die wêreld-atletiekbyeenkoms in Augustus in Londen.

LJ van Zyl, wat aan die 400 m-hekkies deelgeneem het, het met 51,42 sek. in 'n teleurstellende agtste plek geëindig.

Karsten Warholm (Noorweë, 48,82) het gewen, met Magic Rasmus (Estonië, 49,16) in die derde plek.

Nóg 'n SA atleet, Antonio Alkana, het vir die 110m-hekkies aangetreë.

Dié 27-jarige Afrika-kampioen was een van die gunsteling. Hy is egter gediskwalifiseer omdat hy te vinnig uit die wegspringblokke was.

Orlando Ortega (Spanje, 13,09) het dié wedloop gewen.

SMS JOU MENING OOR DIE STORIE AAN

32369

SE ONS!

SMS 6 805 81 50